CHRISTELIK CHRISTIAN · INCLUSIVE INKLUSIEF · TOEGANKLIK APPROACHABLE · BALANCE BALANS

Uit die Hoof se Kantoor

DIE LAASTE BAKSTEEN – ONS SLUIT STERK AF!

Geagte Ouers, Leerders en Personeel van Laerskool Midstream Ridge Primary

Daar word vertel van 'n man wat besig was om 'n muur te bou. Ná baie dae se harde werk was hy moeg, maar hy het steeds elke baksteen met sorg gelê. Toe iemand hom vra waarom hy nog soveel moeite doen, antwoord hy: "Omdat die laaste baksteen net so belangrik soos die eerste is." By Laerskool Midstream Ridge Primary glo ons dieselfde. Ons staan in die laaste kwartaal van 'n besige en suksesvolle jaar. Elke les, elke geleentheid, elke klein oorwinning en elke daad van omgee dra by tot die toekoms wat ons saam bou.

My boodskap aan ons leerders, personeel en ouers is eenvoudig: Kom ons sluit die jaar af met dieselfde entoesiasme, trots en toewyding as waarmee ons dit begin het.
Dankie aan elkeen wat help bakstene lê om van Laerskool Midstream Ridge Primary 'n besondere skool te maak.

Onthou: dit is nie net hoe ons begin wat saak maak nie, maar ook hoe ons klaarmaak!

Vriendelike groete

NICO LOGGENBERG
SKOOLHOOF

SKOOLFOOIE 2027

Saam bou ons aan meer as mure – ons bou aan 'n toekoms.

RUITERKUNS
NASIONALE KAMPIOENSKAPPE

Ons is ongelooflik trots op ons talentvolle ruiters, Skylar van der Merwe (graad 1) en Olivia Kriel (graad 7-ruiterkunskaptein), wat LMRP by die Nasionale Kampioenskappe in hul onderskeie dissiplines verteenwoordig het!

Skylar van der Merwe & Kiara
Skylar en haar ponie, Kiara, het aan die Suid-Afrikaanse Western Mounted Games Nasionale Kampioenskappe deelgeneem, wat van 27–29 September 2026 by Afridome in Parys plaasgevind het.

Hulle het die volgende prestasies behaal:
Speedball – eerste plek
Figure 8 Flags – eerste plek
Keyhole – tweede plek
Barrel Race – eerste plek
Single Stake – eerste plek
Poles 1 – eerste plek
Speed Barrels – eerste plek
Algehele eerste plek!

Skylar het ook haar persoonlike beste prestasies behaal, wat hierdie ervaring vir haar en Kiara onvergeetlik gemaak het. Wat 'n ongelooflike prestasie op so 'n jong ouderdom!

Olivia Kriel & Crownlands My Fair Lady – SANESA Nasionale Kampioenskappe
Ons Graad 7-ruiterkunskaptein, Olivia Kriel, het Gauteng by die SANESA Nasionale Kampioenskappe verteenwoordig, wat van 24–27 September 2026 plaasgevind het.

Hulle het die volgende prestasies behaal:
Prix Caprilli Beginner Test B – eerste plek uit 30 deelnemers
Prix Caprilli Beginner Test A – vyfde plek uit 30 deelnemers
Equitation Welcome Test, Level 3 – dertiende plek uit 28 deelnemers

Olivia se prestasies is 'n wonderlike bewys van haar toewyding, harde werk en passie vir ruitersport. Ons is ongelooflik trots op die manier waarmee sy Gauteng en LMRP verteenwoordig het!

Baie geluk aan albei ruiters met hierdie fantastiese prestasies! Julle harde werk, deursettingsvermoë en liefde vir julle sport bly ons inspireer.

Julle het ons ongelooflik trots gemaak!

Graad 3- na graad 4-oorbruggingskursus vir graad 4-ouers van 2027

Woensdag 28 Oktober 18:00
Afrikaanse sessie: @RakkerCare
Engelse sessie: Skoolsaal



RIDGE BOOKSHOP

TERUG SKOOL TOE 2027

2027-BESTELLINGS IS NOU OOP!

Maak jou terug-skool-toe inkopies maklik en opwindend!

Ons pakhuis het verskuif.
Gaan asseblief die bepalings en voorwaardes na voordat u bestel.
Geen bestellings, aflewerings of afhalings sal vanaf
15 Desember 2026 - 4 Januarie 2027
plaasvind nie.

www.ridgebookshop.co.za
ridge@dandjstationers.co.za
063 741 6636

Midstream Tydskrif Aug 2026



Herwinning

BY LAERSKOOL MIDSTREAM RIDGE PRIMARY

Ons is opgewonde en trots om aan te kondig dat Laerskool Midstream Ridge Primary met ’n skoolwye herwinningsprojek begin het!

Ons glo dat opvoeding verder as akademiese vakke en sport strek.

Ons streef ook daarna om ons leerders met belangrike lewensvaardighede toe te rus, en omgewingsverantwoordelikheid by hulle te ontwikkel.

Met hierdie inisiatief wil ons, ons leerders die basiese beginsels van herwinning leer, en hulle aanmoedig om ’n positiewe verskil te maak deur papier, plastiek en blikkies te herwin.

Om hierdie projek te ondersteun, het ons 12 duidelik-gemerkte herwinningsdromme op verskeie plekke op die skoolgrond geplaas, sodat dit vir ons leerders maklik en gerieflik is om te herwin.

Ons hoop dat hierdie inisiatief ’n blywende impak sal hê as ons leerders aangemoedig word om lewenslange herwinningsgewoontes te ontwikkel.

Sodoende word hul geïnspireer om na die omgewing om te sien.

Saam kan ons ’n verskil maak, en ons deel doen om ons planeet vir toekomstige geslagte te beskerm!







Herwin vandag vir ’n groener môre!

BELANGRIKE SKOOLSKAKELS

Kalender		Die algemene skoolkalender vir die jaar - dit word met elke nuusbrief opgedateer.
Sportkalender Kwartaal 4		Die sportkalender is "lewendig" en word dus daagliks aangepas. Dit kan in die *DOCUMENTS FOLDER* in die Edana-toepassing gevind word.
Kwartaal Kalenders	2027 2028	
Nasorgsentrum	@RAKKERCARE	Hoe om u kind by die nasorgsentrum in te skryf
LMRP Aksie-fotos		Ouers is welkom, en word aangemoedig om aksie-foto's van enige skoolgeleenthede en byeenkomste aan ons d.m.v. dié skakel te stuur.
Edana		Hoe om die toepassing af te laai en te installeer
		Hoe om jou fooninstellings aan te pas om kennisgewings op jou foon te ontvang
Google Classroom		Hoe om *Google Classroom* op u slimfoon af te laai en te installeer
		Hoe om *Google Classroom* op u rekenaar af te laai
Sosiale Media Toestemming		Voltooi asb. dié vorm rakende sosiale media.
LMRP Sosialemedia		Volg ons op *Facebook & Instagram*
Opdateer van Mediese Rekords		Dit is baie belangrik dat ons van alle leerders opgedateerde mediese rekords hou. Pas asb. dié inligting soos nodig aan.